56

# DIE ANNEKSASIE

VAN DIE

# S. AFRIKAANSE REPUBLIEK

EN DIE

# VRIJHEIDSOORLOG.

Deur

H. G. SCHULZE.

Verkrijgbaar bij:
„Het Westen"-Drukkerij en Boekhandel. Bus 123, Potchefstroom.
Eigenaar: A. H. Koomans.

## VOORWOORD.

In ons vergadering van 22 Sept. l.l. het voor die „Afrikaanse Debat en Kultuur Vereniging" aan die Theol. Skool, Potchefstroom opgetree een van ons lede, Mnr. H. G.Schulze, met 'n lesing oor „Die Anneksasie van die S.A. Republiek en die Vrijheidsoorlog.

Die bestuur het dadelik besef dat die lesing geskiedkundige waarde het, veral vir Jong Suid Afrika, omdat dit 'n korte maar getrouwe weergawe is van die werkelike feite, soals die opgeteken is vernamelik deur Dr. Godee-Molsbergen, Dr. Jorissen en Dr. Leyds.

Die plaaslike nuwsblad „Het Westen" was dadelik bereid om die lesing stuksgewijse in sij Feuilleton-kolomme op te neem, en het die volgende daarvan gesê:—

„Dit stuk van de heer S. is een produkt van goede studie en van duidelike uiteenzetting. 't Laat zich aangenaam en makkelik lezen, en toch is 't zo zakelik van inhoud.

„Wij menen door de publicatie van dit stuk onze lezers een biezondere dienst te bewijzen. Want dat tijdperk wordt door onze ouderen nog te weinig gekend, omdat er in hun tijd nog zo weinig over geschreven was. En wat de jongeren ervan weten — daar zullen we maar van stil blijven. Want dat is voor driekwart uit een verkeerd vaatje getapt."

En hiermee publiseer ons vereniging dan die lesing in pamflet-vorm, in die hoop dat dit ook in wijer kring mag bijdra tot meerdere kennis van daardie interessante en roemrijke periode uit die

G71 19225



Afrikaanse worstelstrijd. En mag dié kennis ook tans weer in ons, Jong Suid-Afrika, iets wakker roep van die heilige besieling waarmee onse vadere hulle geskonde regte verdeding het. Want hoor hoe hierdie episode selfs ons stamgenote 6,000 mijl oor die see geinspireer het. Dr. A. Kuyper se woorde aan die Transvaalse Deputasie in 1884 was:

,,En toen gij nu, Mannen-Broeders, met 't Zandrivier tractaat in de hand, het geroep door Europa liet gaan, dat Engeland uw recht verkort, uw wettig recht geschonden en uw traktaat verscheurd had toen ja, heeft diep ook uit onze borst het rechtsbesef naar onze God gebeden, of Hij, de Rechter der ganse aarde, uw recht wreken, en uw deugdelik recht handhaven mocht.''

Ons spreek dan die wens uit, dat ook hierdie geringe arbeid Jong Suid Afrika nader mag bring aan sij eie voorvadere en die ideale waarvoor hulle so dapper gestrij het.

Namens die Bestuur van die Afr. Debat en Kultuur Vereniging.

C. W. M. du TOIT, voors.

H. G. SCHULZE, Sekr.

Potchefstroom, Nov. 1916.

# I. DIE ANNEKSASIE.

Ons moet vir 'n rukkie die nou-tijd aan homself oorlaat en ons verplaas in die S. A. R. soals die was aan die begin van die vir ons so onvergetelike en donkere jaar 1877. Daar rammel geen treine langs berge en oor riviere nie; die land is nog nie volgeplant met rije ijsterpale nie, donker Johannesburg is nog nie gebore nie. Dit is die tijd van die ossewa, van die vetkers en van kleine boeredorpies wat amper wegraak in die wije wildernis. Die boer leef koning op sij plaas, hij is baas in sij land, hij mag weer **boer** wees, nadat hij uitgespring het onder die juk wat in die Kolonie op hom gerus het en nadat hij die Traktaat van Sand Rivier in sij hande het, wat hom sij onafhankelikheid waarborg,- onafhankelikheid hom deur Engeland toegeken.

En tog—weer is daar donkere onweerswolke aan die *politieke hemel van die Republiek. Daar dreig gevaar.* Die boer is weer in moeilikheid. En waarlik weer is Albion die rusverstoorder. Die boer het vir hom 'n nes gemaak, waaroor die Vierkleur wapper en Engeland kom die nes omkrap en laat daar 'n ,,Union Jack'' oor waai.

Dit lijk baje eienaardig dat Engeland, wat in 1852 die S. A. R. als 'n onafhankelike staat erken het en die Sand Rivier traktaat onderteken het, reeds 25 jaar daarna dieselfde onafhankelikheid gaan vernietig. Korteliks sal ons dus moet ondersoek wat aanleiding daartoe gegee het, veral omdat hierdie geskiedenis meestal in 'n verkeerde lig gestel word.

Het die S. A. R. rede gegee vir 'n inmenging in sij sake van Engelse sijde, vir 'n bedroewende Anneksasie, of het Engeland maar onder voorwendsels en opsettelik gefabriseerde onwaarhede die S. A. R. in 'n valse lig gestel bij die buitewereld om sij eie imperiale politiek veiliger te kan uitvoer? Om goed agter die waarheid te kom sal ons die toestande van die S.A.R. in dié tijd moet ondersoek, maar ons sal ook 'n blik werp oor die see naar Downing Street Laat ons maar bij die laaste begin:

Van 1874 is Lord Carnarvon Staats-Sekretaris van Kolonies. Op skitterende staatsmansbeleid kan hij werkelik nie roem nie. Dr. Jorissen noem hom „een middelmatig staatsman." Die koloniale politiek is in die tijd gerig op totstandbrenging van federasies en unies. In Canada is in 1867 een veelbelowende federasie in die lewe geroep. Carnarvon's grote plan is nou om ook in Suid Afrika so 'n federasie te bewerk. Hij wil sij plan met alle mag deurdrijf. Wat in Canada kon moet in Suid-Afrika ook mooglik wees. Die Goewerneurs van die Kaap Kolonie en Natal word op die hart gedruk om in dié rigting te werk. Froude, die historikus, word deur Carnarvon uitgestuur om deur Suid-Afrika te reis en propaganda te maak vir federasie. Maar Froude het dit nie ver gebreng nie—ooral was beswaar en teëstand. Die grote politieke ideaal van Carnarvon was: **'n Verenigde Britse Suid Afrika,** en als hij dit nie met vreedsame middels kon tot stand breng nie sou hij dit met geweld gaan doen.

Die S.A.R. het in Carnarvon se pad gestaan. Die nuwe toon wat die land onder President Burgers se bestuur aangeneem het was gevaarlik vir die Kaapse en Natalse handelsbelange, en skadelik vir

die federasie-plan; daarom het Carnarvon besluit om die S.A.R. te vernietig. President Burgers was 'n ijweraar vir degelike onderwijs; hij het met grote energie die bouw van 'n spoorlijn naar Lourenco Marques in hande geneem, waardeur die handel van Natal ernstig bedreig werd; die land was rijk aan minerale. Alles het daarop gewijs dat die S.A.R. 'n lastige nabuur kon word als hom net die tijd gegun werd vir ontwikkeling. En dit juis sou Carnarvon verhinder.

Die oorlog wat die Republiek in 1876 met Sekokoenie gevoer het en wat nie onmiddelik beëindig is nie, het aan Engeland die gelegenheid verskaf om hom in die Republiek se sake te meng. Van alle kante het daar gerugte gekom dat die Boere nie opgewasse is teën Sekokoenie nie, dat hulle hulself nie kan regeer nie, dat daar 'n kreet van die Boere opgegaan het vir beskerming en anneksasie deur Engeland.

Carnarvon was blij. Onmiddellik stuur hij Sir Theophilus Shepstone om die Transvaalse sake te ondersoek, en om in medewerking met die Regering van die Republiek die sake te reël. Engeland was tog so begaan oor die arme volkie wat daar worstel met wrede naturelle, onkunde en armoede. Maar dit was **uiterlik.** In die **binnesak** het Shepstone 'n geheime opdrag waarin Carnarvon hom magtig tot anneksasie.

Op 22 Jan. 1877 kom Shepstone ongedeerd met sij staf en 'n eskorte van 25 man polisie in Pretoria aan. Ooral is hij beleefd ontvang, en ooral het hij met sij innemende maniere en met sij Afrikaans, wat hij uitstekend gepraat het, sij slag geslaan.

Die anneksasie spel is in 'n kort tijdjie afgespeel,

van 22 Jan. tot 12 April, 1877. Shepstone, ,,die ou skelm,'' soals President Kruger hom genoem het, het baje ,,politiek'' gehandel, hij het als 'n ware Janus gewerk. Van sij opdrag het hij slegs 'n deel geopenbaar, nl. dat hij kom saamwerk tot regeling en oplossing van grensgeskille en andere moeilikhede. —van anneksasie vooralsnog geen woord. Gedurende sij verblijf in die hoofstad het hij die Regering herhaaldelik op seer versigtige wijse gepols met betrekking tot anneksasie. Maar Pres. Burgers en sij Regering wou van anneksasie nie hoor nie, en daarop het Shepstone 'n dodelike stilswijge bewaar en afgewag tot die gunstige ogenblik sou aanbreek. Intusse het Engelse troepemagte opgetrek deur Natal naar die Transvaalse grens. Dit klaar, was die gunstige ogenblik dan ook gekom. Shepstone voel hom nou sterk en slaan 'n gebiedender toon aan teënoor die Regering. Hij dreig hulle met 'n inval van die Soeloes, wat al op die grense staan en wat alleen deur sij tussekoms kan gekeer word. (N.B.—Dit is later bekend geword dat Shepstone die Soeloes verwittig het van 'n geplande inval van die kant van die Boere; 'n plan wat nooit bestaan het nie. Siedaar die gemene, die dubbele rol deur Shepstone gespeel.)

President Burgers en sij Uitvoerende Raad sit lelik in die knijp: bedreig deur 'n inval van die Soeloes, met 'n Engelse leger op hulle grens, met binnelandse rusverstoorders, sien hulle geen kans om met hulle kleine hoewel dappere mag, hulle regte gewapenderhand te beskerm nie. Daarom het Pres. Burgers en die Uitv. Raad op 11 April, '77, die volgende besluit uitgevaardig.

,,Besloten: dat, nademaal Harer Britse Majesteits

Regering bij de Conventie van Zandrivier in 1852 plegtig onafhankelikheid van het volk ten Noorden van de Vaal Rivier heeft gewaarborgd, en nademaal . . . ens., so protesteert de Regering ten sterkste tegen deze handelwijze van Harer Majesteits Specialen Commissaris, en besluit een kommissie van afgevaardigden onverwijld naar Europa en Amerika te zenden . . . enz."

Die volgende dag is 'n tweede proklamasie uitgevaardig waarin die volk op die hart gedruk word om **lijdelik verset** te oefen en die uitslag af te wag van die gesantskap naar Europa. Siehier genoemde tweede proklamasie:—

,,Nademaal . . . Sir Theophilus Shepstone, in weerwil van mijn plegtig protest, . . . het gezag van Harer Majesteits Regering heeft geproclameerd over de Z.A.R. En nademaal. . .

Zoo is het dat ik, Thomas Francois Burgers, Staatspresident der Z.A.R., bij dezen uit naam en op advies van den Uitv. Raad alle ambtenaren, burgers en ingezetenen gelast om zich te onthouden van enig woord of enige daad van geweld waardoor de zending vruchteloos zou kunnen worden. En ik vermaan alle burgers en ingezetenen het besluit der Reg. te helpen handhaven en bij te staan tot de bewaring van orde en het voorkomen van bloedvergieten."

Gouvernementskantoor, Pretoria.
12 April, 1877.

THOS. BURGERS.
Staats President

Op dieselfde 12e April het Sir Th. Shepstone die anneksasie op die plein van Pretoria geproklameer, en die Engelse vlag gehijs. Shepstone het één deel van sij sending dus met grote bekwaamheid en tot volle bevrediging van die Imperiale Regering volbreng. Maar die swaarste is nog ongedaan: n.l. die daad te regvaardig in die oog van die buitewereld.

Maar ook van hierdie taak het Shepstone hom op roemvolle wijse gekwijt. Vier sterksprekende redes het hij aangevoer om die anneksasie 'n liefdedaad van Engeland te laat lijk inplaas van 'n selfsugtige veroweringsdaad, wat ook die skending van 'n deur Engeland self verleende Traktaat, n.l. die van Sandrivier, nie ontsien het nie. Hier volg dan die vier redes wat aan die liefdadige anneksasie ten grondslag lê:—

1. Die Transvalers kon Sekokoenie nie baas word nie.

2. Die Soeloes sou in Transvaal inval.

3. Die geldsake van die Transvaal was hopeloos in die war, en „lest best": die meerderheid van die Boerebevolking het Britse bestuur gewens.

Ons kan al die punte nie in biesonderhede ondersoek nie, maar om die nodige insig te krij moet ons tog die hoofsake aanstip.

Die voornaamste beskuldiging is dat die Boere Britse bestuur verlang het. Daar lê 'n skijn van waarheid in: want indien die Engelse bestuur ongewens was, waarom dan Shepstone nie gekeer op die grens nie? Hij was tog slegs deur 25 Natalse poliesiedienaars geëskorteer! Waarom Shepstone so beleefd ontvang op sij deurreis naar Pretoria? Waarom die anneksasie so sonder slag of stoot aanvaar?

Wat die eerste twee vrae betref: Shepstone het hom voorgedoen als 'n vriend; van sij anneksasie planne was bij die volk niks bekend nie. Hij was innemend van manier en kon Afrikaans praat soos 'n Afrikaner. Dié bekwaamhede het hij met sukses gebruik om die goedgelowige en gouw-vertrouwende Boere te mislei. Wat die laaste vraag betref het ons reeds aangevoer dat daar groot gevaar verbonde was aan 'n gewapende teëstand. Leyds sê daarvan in sij „Eerste Annexatie van de Transvaal'' pag. 273:

„Het was een zware worsteling om het bestaan, die deze jeugdige natie der Boeren door te maken had; zij hadden het vertrouwen in hun Staatshoofd verloren en waren nog niet in de gelegenheid geweest een opvolger te kiezen; zij werden door Shepstone bedreigd met een overval der Zoeloe's, gerugsteund door Britse troepen; en bovenal: hun voorraad ammunitie was in de oorlog met Secocoenie zo goed als uitgeput en, met Groot Brittanje als tegenstander, zou het onmogelik zijn geweest om een nieuwe te bekomen.''

Maar ik vind nog een andere seer aannemelike oorsaak vir die houding van die Boere in de bewering van Dr. E. J. P. Jorissen: die Boere van die Republiek was nog nie é é n v o l k nie. Die bewoners benoorde die Vaal was nog nie saamgegroei tot één nasie nie, daar was nog geen gevoel van één te wees nie. Godsdiensgeskille het tweedrag gestig. Daar was die liberale teënoor die orthodokse: Burgers versus Kruger. Eén volk kon daar nog nie wees nie in die Transvaalse, want in hulle nuwe vaderland was die Boere nog nie saam bedreig of verdruk nie, hulle het daar nog nie intens saam gelij vir één en

dieselfde saak nie. Inteëdeel hulle was daar eers opgesplits in kleine Republieke, wat net met mekaar getwis het. Daar het nog geen bloed gevloei vir die heilige vrijheid nie. 'n Verenigde volk kon daar dus nog nie wees nie, want alleen die band, gesmee deur bloed en gesamelike lijde, waarborg onverbreekbare éénheid, wat voor alles 'n nasie vorm. En die anneksasie het dan ook juis dít uitgewerk, wat Engeland wou verhinder, nl. die groei van 'n kragtige Boerevolk, energiek en vooruitstrewend en—anti-Brits. Maar daaroor later.

Tog, al het die Boere hulle nie gewapenderhand verset teën die inlijwing nie, moet dit als 'n growwe onwaarheid teëgespreek word, dat die meerderheid van die volk geroep en gesmeek het vir anneksasie deur Engeland. Dit is onweerlegbaar bewese dat die Regering 'n sterke protes aangeteken het teën die onregvaardige daad, en dat owerheid en volk 'n houding van lijdelik verset aangeneem het.

Tog het Shepstone voortdurend petisies naar Downing Street oorgestuur, waarin die volk sij blijdskap uitdruk oor die vriendelike daad van Engeland. Ongelukkig was die petisies nie almaal onderteken nie. Die meeste was „shopkeeper" petisies van Pretoria en elders, wat deur Engelse besigheids opgemaak is; van ander kon 'n mens nie seker sê waar hulle eigenlik vandaan kom nie; weer andere was vir 'n gedeelte onderteken deur mense wat nog sou geleef het als hulle nie doodgegaan het nie. Met hierdie middele is Downing Str. tevrede gestel, en die daad van Engeland geregvaardig in die oë van vreemde mogendhede.

Maar in 1878 is daar 'n „plebisciet" of volkstem-

ming gehou: twee soorte petisies is deur die land gestuur, die één om geteken te word deur voorstanders en die ander om geteken te word deur teëstanders van die anneksasie. Die uitslag op 4 April, 1878 gepubliseer, het aangetoon dat 6591 persone t e ë n en slegs 587 v o or anneksasie was. Hier is dus feite wat spreek.

'n Tweede rede vir anneksasie was dat die geldsake van die S. A. R. hopeloos in die war was. Dr. W. J. Leijds het die punt pragtig uitgewerk in sij werk: ,,De Eerste Anneksasie van de Tvl.'' Hij het duidelik aangetoon dat die geldsake van die Republiek nie so verskrikkelik hopeloos in die war was nie. Op pag. 250 van genoemde werk sê hij:—

,,Het ergste dat tegen de Republiek kon worden aangevoerd door iemand wien het officieel was opgedragen er een speciaal rapport over te maken, was, dat toen 't land door Sir Th. Shepstone werd overgenomen, de lopende inkomsten nauweliks voorzagen in de lopende uitgaven. Het woord ,,n a u w e l i k s,'' uit deze vijandige pen gevloeid, is meer bewijs van solvabiliteit dan van 'n failieten toestand.''

In sij ondersoek van die inkomste en uitgawe van die Republiek in die jare onmiddelik voorafgaande aan die anneksasie het Dr. Leyds tot die gerusstellende ontdekking gekom dat die uitgawe die inkomste net met 5 pCt oorskrij het, 'n toestand gunstiger dan in die meeste landen in daardie tijd. Waar beland die beskuldiging van ,,hopeloos in de war,'' nou? Die feite maak hom tot niet.

Shepstone se andere rede vir anneksasie was, dat die Soeloes 'n inval sou doen in Transvaal, wat alleen deur sij persoonlike invloed oor Ketsjwayo kon afgewend word. Ons het reeds aangetoon wat 'n dub-

bele rol Shepstone in die saak gespeel het. Maar daar is meer gedaan. Naas Shepstone het nog andere persone in Natal die Soeloes opgehits teën die Boere, wat deur niemand minder dan Sir Bartle Frére toegegee word. Boëndien is die Soeloes voorsien van vuurwapens ten getale van 4000 en van ammunisie, wat lijnreg ingaan teën een van die bepalinge van die Sandrivier Konvensie n.l. dat geen handel in wapens of ammunisie met inboorlinge sou gedrijf word, nog deur Boer, nog deur Brit. In 1879 het Natal self die bittere vrugte hiervan gepluk, toen die Soeloe-oorlog, als 'n gevolg van die annekssasie uitgebreek het.

Maar al was daar dan ook 'n inval van Soeloes in Transvaal, die volk, wat deur ervaring en aanleg, deur onverskrokkenheid en moed, verreweg die geskikste was om in Suid Afrika die posisie van die Blanke te bevestig, die volk wat 'n Bloedrivier en 'n Vegkop in sij roemvolle verlede had, sou die Soeloes in die vlaktes van Transvaal ook nog wel baas geword het.

Dr. Godee-Molsbergen sê in sij ,,Geschiedenis van Zuid Afrika'':-

,,Toen in 1878 het Distr. Utrecht een tijdlang onder Brits Beheer stond, moest Shepstone zelf getuigen dat de toestand van de Boeren er door invallen van de Zoeloes erger was dan ooit onder de Republiek. Zijn invloed op Ketsjwayo was dus zo groot niet.''

Maar 'n grotere beskuldiging is die, dat die Boere die opperhoof Sekokoenie nie baas kon raak nie. Daardeur (sê Shepstone) werd die blanke ras in Suid Afrika in gevaar gebreng, en dit het die tussenkoms van Engeland noodsakelik gemaak.

Die beskuldiging is *onwaar. Op sij allerlangste het* die oorlog met Sekokoenie 10 maande geduur. Hij kon gouwer afgeloop het maar dan sou daar meer menselewes moes opgeoffer word. Sekokoenie het in die *Bosveld van die distr. Lijdenburg* gewoon en die klimaat is daar erg ongesond gedurende 'n groot deel van die jaar. Om lewes te spaar is die kommando's dus in die ongesonde jaargetij naar huis georder. En hoewel die Engelse nie ammunisie wou deurlaat nie het die Boere Sekokoenie in Feb. '77 gedwing om vrede te smeek, en 'n oorlogskatting van 2000 beeste te betaal. Dit was nog die ou Voortrekkerstype wat hier geveg het. Hulle het dit nie gouw op hulle senuwes gekrij nie.

'n Andere beskuldiging was, dat die Boere 1000 Swasies in diens geneem het om saam op te trek teën Sekokoenie. Dit was onwettig, wreed. Maar geen 2 jaar later, toen die Engelse die oorlog teën Sekokoenie met die anneksasie van die Boere oorgeërf had, het dit geblijk dat hulle nog armsaliger verdedigers van die Blanke in Suid Afrika was, want hulle het met dubbel so 'n grote kommando tweemaal so lang geneem als die Boere om Sekokoenie onder die knie te krij. Maar hulle was ook *onwettiger en wreder* dan die Boere, want, inplaas van 1000 het hulle die hulp ingeroep van 5000 Swasi's.

Verder het die Engelse beweer dat Sekokoenie geen onderdaan was van die S.A.R. nie om die Boere op die manier beet te krij. Maar die argiewe van Lijdenburg help ons uit die moeilikheid. Daaruit het Pres. Burgers sij verdediging geneem n.l. dat: „Na de dood van Sequati zijn zoon Secocoenie aanzoek deed bij de autoriteiten van Lijdenburg om op zijns vaders plaats als Kapitein te worden erkend. Daar

zijn applikatie in overeenstemming was met een verzoek door Sequati vóor zijn dood gedaan, werd het toegestaan; en bij zijn erkenning betaalde Sekokoenie de gewone schatting."

Ons sien dus dat die redes vir anneksasie óf nie bestaan het nie óf gruwelik oordrewe is deur die Engelse pers. En ons kom vanself tot die konklusie, dat die Republiek geen aanleiding gegee het nie tot inlijwing, maar dat dit 'n onverdedigbare veroweringsdaad van Engeland was om 'n handvol skreeuwende ,,shopkeepers" tevrede te stel en om die Carnarvon-politiek van 'n Verenigd Brits Suid Afrika te verwesenlik. Beide het jammerlik mis*luk*. En die grond daarvoor lê vir 'n groot deel opgesluit in die woorde van Mnr. W. T. Stead: ,,Our great fault in S. Afrika is, that we have been too precipitate in our aggressions and behind time with our concessions." (Dit meen: Ons groot fout in S.-Afrika is gewees, dat ons aanvalle altijd te halsoorkop was en dat ons toegewendheid altijd te laat gekom het).

## II. DIE VRIJHEIDSOORLOG.

Die Vrijheidsoorlog kan ons verdeel in twee periodes. Die eerste periode val in die tijd van April 1877, (dus net na die anneksasie) tot Desember 1880. In dié tijd is die oorlog van lijdelik verset gevoer. Dit is 'n strijd wat gevoer word met die woord, met die pen, met adresse, petisies, deputasies en volksbijeenkomstes. Dit is die periode van protes op protes.

In meer dan één opsig is die tijdperk van lijdelik verset interessanter dan die tijdperk van werkelike

oorlog met die wapen in de hand. Die ordeliewendheid, geduld en taaie volharding van die Boere kom hier duidelik voor die dag. Ja, die jare van lijdelik verset logenstraf die onsimpatieke beskuldiginge wat die Boere te laste gelê is deur die vreemde indringer; beskuldiginge van rebelsgesindheid, onbeskaafdheid, en bandeloosheid.

Die tweede periode van die Vrijheidsoorlog val in die tijd van Desember 1880—Augustus 1881. Dit is die periode van daadwerkelike oorlog met die geweer in die hand; 'n strijd op lewe en dood. Hierdie tijdperk sal ons buite behandeling laat om nie te langdradig te word nie.

In die jare van lijdelik verset is daar twee deputasies naar Engeland gestuur, die eerste in Mei, '77 offisieel deur die wettige regering, en die tweede in Julie '78 eigemagtig deur die volk. Die eerste deputasie het bestaan uit die here E. J. P. Jorrissen en S. J. P. Kruger. Hulle het 'n onderhoud met Lord Carnarvon gehad om hom te beweeg om die anneksasie te herroep. Maar die hele sending het op niks uitgeloop. Toen hom verlof gevra is om 'n volkstemming te hou, het hij geantwoord dat plebisciete (volkstemmings) pas in die slegte regeringsvorm van Napoleon, maar nie in die suiwere konstitusionele beginsels wat Engeland regeer nie.

Onverrigtersake moes die deputasie dus in Desember 1877 naar Transvaal terugkom. In Januarie 1878 het hulle verslag gegee aan die volk van die uitslag van hulle sending. Lord Carnarvon is deur Shepstone en andere wijsgemaak dat die deputasie net een handjievol ontevrede mense verteënwoordig het, en daarom kon hulle niks uitrig nie. Om te bewijs dat die afgevaardigdes tog die meerderheid

van die volk aan hulle kant had is toen teën die wil van Carnarvon, die reeds aangehaalde volkstemming gehou, met die uitslag dat 6591 teën, en slegs 587 vóor anneksasie was.

Hierdie uitslag is op 4 April 1878 bekend gemaak. En wat het die Hoë Kommissaris gedoen? In Maart het hij 'n proklámasie teën agitasie uitgevaardig en op 4 April het hij kanonne laat rig op die vergadering waar Kruger en Jorissen bowegenoemde uitslag bekend gemaak het. Naar Engeland is ondertusse gerusstellende berigte gestuur. Die leugen-politiek is stelselmatig voortgeset. Kruger en Jorissen is in 'n verkeerde lig gestel. Maar wat erger is—Leyds sê: ,,Door deze proklamatie trachtte de Commissaris de uitoefening van het recht van petitie tot een onmogelikheid, en het aanroeren der anneksatie tot een daad van oproer te maken.''

Shepstone het daarop naar Downing Street berig gestuur, dat die meerderheid bij die volkstemming alleen verkrij is deur uitoefening van pressie. Dit is later bewese geheel en al onwaar te wees.

Deur die volk is toen 'n deputasie, bestaande uit Vise-President Kruger en Genl. Joubert, afgevaardig naar Engeland om die uitslag van die volkstemming aan die Imperiale Regering bekend te maak en weer aan te dring op herroeping van die anneksasie. Die deputasie het nog in dieselfde jaar naar Engeland vertrek.

Maar ook elders is daar protes aangeteken teën die handelwijse van Groot Brittanje met Transvaal; uit die Kaap Kolonie is 'n memorie, onderteken deur 5,400 burgers, opgestuur naar Engeland om te pleit vir opheffing van die anneksasie. Maar niks wou

help nie. Die Transvaal was nou eenmaal Engels en sou dit blij.

Vir die onkoste van die tweede deputasie het die burgers £1900 opgebreng. Dit bewijs hoe hulle met hart en siel die vrijheid terugverlang het.

Hierdie deputasie het al ewemin uitgevoer als die vorige. Bij Sir Michael Hicks Beach, die opvolger van Lord Carnarvon, het hulle aangedring op herstelling van die geskonde vrijheid; hulle het hom die gevoelens van die volk duidelik gemaak, en gewijs op die gevaar van oorlog. Maar die voornaamste van die antwoord van die Sekretaris van Kolonies was:—

„en ik kan er slechts bijvoegen dat ik de memorie niet kan beschouwen als voorstellende de ware en welberaden opinies van de ingezetenen van de Transvaal die in staat zijn 'n oordeel te vormen over 'n kwestie van die aard. De omstandigheden van provocatie of noodzakelikheid zijn te begrijpen welke de Britse Regering zouden gerechtvaardigd hebben in het vestigen van haar gezag ten noorden der Vaal, gij zult zelven die waarschijnlik erkennen . . . ."
(Leijds: Eerste Anneksasie. pag. 284.)

Hierop is toen weer deur die lede van die deputasie geantwoord, maar Hicks Beach het op die antwoord nie ingegaan nie, en in Oktober 1878 het die deputasie teruggekom moedeloser dan hij weggegaan het. Grote ontevredenheid het onder die volk geheers toen hulle gehoor het van die verongelukte sending.

Op 11 Jan. 1879 het die deputasie sij rapport uitgebreng op 'n grote Boere bijeenkoms te Wonderfontein. Die opgewondenheid was groot. Die Boere het daar besluit om met geen konsessies van En-

gelse kant tevrede te wees nie, alleen volkome onafhankelikheid sou aan die proteste en bijeenkomste 'n einde maak.

Op die vergadering is die volgende plegtige en gedenkwaardige verklaring onderteken, wat die gees en die eise van die Boere vertolk:

„In de tegenwoordigheid van den Almachtigen God, den Kenner aller harten, onder biddend opzien om Zijne genadige hulp en ontferming, zijn wij, Burgers der Z.A.R. plegtig overeengekomen, gelijk wij bij dezen overeen komen, om voor ons en onze kinderen een heilig verbond op te rigten, hetwelk wij met plegtige eed bezweren.

Ruim 40 jaren is het geleden, dat onze vaderen de Kaap Kolonie ontvlugt zijn, om een vrij en onafhankelik volk te worden. Deze 40 jaren waren 40 jaar van smart en lijden.

Wij hebben Natal, den Oranje-Vrijstaat en de Z.-Afrikaansche Republiek gesticht, en driemalen heeft de Engelsche Regering onze vrijheid vertrapt.

En onze vlag, die onze vaderen met hun bloed en tranen gedoopt hebben, van den grond gehuld, (neergehaald?).

Als door een dief in den nacht is onze vrije Republiek weggestolen. Wij kunnen en wij mogen dat niet dragen.

God wil, dat de eenheid (eerbied) onzer vaderen en de liefde jegens onze kinderen ons voorschrijft, het erfpand der vaderen ongeschonden aan onze kinderen over te leveren.

Daarom is het dat wij hier bijeentreden en dat wij elkander de hand geven, als mannen, broeders, plegtig belovende, trouw te houden aan ons land en volk en met het oog op God zamen te werken, tot

den dood toe, voor de herstelling van de vrijheid onzer Republiek.

Zo waarlik helpe ons God Almagtig!"

Aan Piet Joubert is opgedra om naar Natal te gaan en die besluit aan Sir Bartle Frere mee te deel. Sij meedeling het indruk gemaak op die Hoë Kommissaris en hij het beloof die Boere self te kom besoek.

Maar ondertussen het die Soeloe-oorlog, wat soveel bloed en buitendien £4,000,000 gekos het, uitgebreek deur die skuld van Sir Bartle Frere self.

Die kanse was nou gunstig vir die Boere om die juk af te gooi. Die Engelse troepe moes hulle hele aandag wij aan die Kafferoorlog. Die Soeloes het bij die Boere aangedring om gemene saak met hulle te maak en die Engelsman die land uit te jaag. En die Boere — het geweier, omdat hulle gemeen het, dat dit meer tot oneer strek met die hulp van Kaffers die Blanke te beveg dan die neerlaag te lij.

Nou kom ons tot 'n seldsame toneel in die geskiedenis. Die Boere het gehoor dat Sir Bartle Frére hulle sou kom besoek. Van 18 Maart tot 15 April het daar te Kleinfontein, nabij Pretoria, op die groot pad naar Natal 4 a 5000 Boere saamgekom in 'n groot laer van waens en tente met die doel om die Hoë Kommissaris te ontmoet en hom te toon dat die volk werkelik teën die inlijwing is. Ja, die laer van waens en tente!

Als ons die toneel voor onse gees roep kan ons nie help om aan die pragtige reëls van Totius te denk nie:

„Twee witte kappe in die veld:
'n Wa en tent daarnaas gesteld,
Tweeheid tot eenheid saamgemelt
in sware stonde.
Die wa — 'n sterke man is hij;
Die tent — 'n taaie vrouw is sij.
Jul het die nasie uitgelei,
sijn boei ontbonde."

Maar vier weke het voorbijgegaan vóor die onwilligkomende Kommissaris eindelik aangekom het. Ondertussen het Sir Owen Lanyon sij bes gedoen om die Boere te beweeg naar huis te keer. Maar niks kon hulle nou beweeg nie. Hulle was vas beslote Sir Bartle Frére te ontmoet.

Eindelik het hij dan ook gekom. Tussen twee lange rije van swijgende Boere moes hij deurrij om bij die komitee se tent te kom. Dr. Leyds sê daarvan:—

„Ooggetuigen verhaalden later, dat het een der meest indrukwekkende tonelen was die zij ooit gezien hadden — de twee lange rijen Boeren, zwijgend en onbewegelik, en de Hoge Kommissaris tussen hen doorrijdende, verwonderd en onthutst, maar zijn best doende onbewogen te schijnen."

Die onderhandelinge het weer op niks uitgeloop. Frére het ook gemeen dat die Transvaal Brits grondgebied moes blij solang die son skijn. Hij het 'n soort selfregering aangepresenteer. Maar die Boere was gedetermineerd: Frére het hulle die verbleekte geraamte van die vrijheid aangebied, maar hulle het die lewende siel van die vrijheid geëis en sou met niks minder tevrede wees nie. So het ook dié onderhandeling misgeloop.

Van toen af het dit vir die Boere duidelik geword dat oorlog onvermijdelik was.

Die Engelse het nou begin insien dat dit erns word. Hulle politiek in die land het hulle verander om op die manier te probeer die gemoedere te kalmeer en die rus te herstel. Maar hardnekkig het hulle voortgegaan in hulle offisieële rapporte naar Engeland en elders 'n gerusstellende toon aan te slaan.

Cecil Rhodes het eens gesê: ,,Every man has his price.'' Hierdie politiek het die Engelse toen in Transvaal in werking gebreng: op alle maniere, deur geld, deur beloftes, deur possies het hulle geprobeer die leiers van die Boere om te koop .Maar tot hulle eer moet gesê word, dat ook die hoogste prijs geen een van die leiers kon afbreng van die voorgestelde doel nie n.l. die herwinning van die onafhankelikheid.

In Desember 1879 het die derde grote bijeenkoms van die Boere in dieselfde jaar plaas gevind.

Daar was dubbele feesviering in Transvaal: in Pretoria is saluutskote afgevuur om Genl. Wolseley te verwelkom, wat eindelik teruggekeer het van die Sekokoenie-veldtog. Maar op Luipaardsvlei nabij Paardekraal is ook saluutskote afgevuur, maar nie vir die oorwinnaar van Sekokoenie nie — nee, dit is afgevuur ter ere van die Vierkleur wat daar vir die eerste maal sinds 1877 ontplooi is. Dit het gebeur op die gedenkwaardige volksfeesdag, 16 Desember.

Die gemoedstemming van die Boere was onbeskrijflik warm. Dingaansdag het die verlede in hulle wakker gemaak. Hulle het die verdrukking en die vernedering meer dan ooit gevoel. Die gevolg was 'n ultimatum aan die Imperiale Regering. Hier is hij:

,,Het volk der Z. Afrikaanse Republiek heeft Vrijdag 12 December 1879 zijn wil geopenbaard, en gaat er nu toe over, dien door besluiten te bevestigen. De tijd van memories aan de Engelse Regering is voorbij; langs dien weg is geen redding mogelik. De ambtenaren van Hare Majesteit de Koningin van Engeland, hebben door hunne onware en valse voorstellingen de deur tot Haar en 't Parlement gesloten. Dit is voor hunne verantwoordelikheid. Het volk heeft gedaan wat het kon; nog eens en nog eens zou het tot de Koningin van Engeland willen gaan: want 't Volk gelooft zo zeker als de zon schijnt, dat, indien zij, de Koningin van Engeland, en het Engelse Volk, wisten dat hier een volk verdrukt werd, zij het nooit zouden gedogen. Engeland is overal een beschermer der vrijheid geweest, en zou ook onze vrijheid, die verdrukt wordt, beschermen, maar de ambtenaren van H. Májesteit, die de noodzakelikheid der anneksatie blijven verdedigen, bedekken de waarheid en smoren onze stemmen. Wij kunnen dus niet meer tot Engeland spreken. Er is niemand die ons antwoordt.''

Daarna volg 'n reeks besluite, 12 maande daarna uitgevoer, letterlik, woord vir woord. Dan gaan die ultimatum voort:— ,,en eindelik:''

,,Het volk verklaart, dat het met Gods hulp verlangt ene krachtige Regering, eerbiediging van de wet, ontwikkeling en vooruitgang van het land, en dat het belooft man voor man daartoe te zullen medewerken en de op te treden Regering te verdedigen tot de dood toe.

Zo waarlik helpe ons God Almachtig!''

Na die feesviering het die Boere naar huis terug-

gekeer om hulle lijdelike verset voort te set, tot die dag, wat vir handelende optrede bepaal was, sou aanbreek. Die dag van aksie was vasgestel op 6 April 1880, maar deur omstandighede is dit vertraag tot Desember 1880, presies 'n jaar na die laaste gedenkwaardige bijeenkoms.

Baje Engelse het hulle self bedrieg. Die kalmte wat daar in die land geheers het, het hulle vir bedaring van die strijd aangesien, terwijl dit die stilte vóor die storm was.

Naar Engeland het die autoriteite gemeld, dat die Boere nou gereeld hulle belasting betaal. — En juis deur die belastingkwessie het die kruit in die brand geslaan. 'n Sekere Bezuidenhout uit die distrik Potchefstroom het geweier om sij belasting te betaal. Daarop is hij deur die landdros tot betaling veroordeel.

Die bode van die Hof het op Bezuidenhout se wa en osse beslag gelê om die vonnis uit te voer. Wa en osse het hij naar Potchefstroom geneem en 'n puplieke vendusie aangekondig.

Op die dag van die verkoping het P. Cronjé met 'n sterk gewapende Boeremag Potchefstroom binnegerij, die wa omsingel, die beambte onsag neergetrek en segevierend met die verowerde wa weer weggerij.

Die teerling was geworpe.

Die Vise-president het die volk op 8 Desember te Paardekraal bijeengeroep. Elkeen het gevoel dat die keerpunt daar was: óf die Boere moes hulle onderwerp óf hulle moes hulle verenig met die saak Bezuidenhout-Cronjé.

Sonder te aarsel het hulle die laaste gedoen.

Weer verrijs daar 'n laer van waens en tente, en op 11 Desember is daar al 10,000 gewapende burgers bijmekaar.

Die gevoel het hoog geloop. Die geesdrif van die burgers was uitbundig; nou sou die land dan eindelik vrijgeveg word.

Die Volksraad is eindelik weer bijeengeroep en hij het die Regering opgedra aan 'n driemanskap, bestaande uit S. J. P. Krüger, M. Pretorius en P. Joubert.

In alle haas is toen die nodige maatreëls geneem veral op finansieële gebied. Alles is gereël so goed als mooglik onder die omstandighede, en elkeen het hom klaargemaak vir 'n strijd op lewe en dood, terwille van die vrijheid en die vierkleur.

Te Paardekraal is die Republiek herstel en in 'n Proklamasie het die Driemanskap dit wereldkundig gemaak. Om sij belangrijkheid sal ons hier 'n deel van die Proklamasie laat volg:—

**Proklamasie.**

,,In naam van het Volk der Z.-Afrikaanse Republiek, onder biddend opzien tot God, doen wij, S. J. P. Kruger-Vice-President, M. W. Pretorius en P. J. Joubert, door den Volksraad, in zijne zitting van 13 Dec. 1880 aangesteld, als het Driemanschap, dat voorlopig het Opperbestuur der Republiek voert, weten:

Dat op den 16den dag van Jan. 1852 tussen H. M. Commissarissen, W. S. Hogge en C. M. Owen, en de Afgevaardigden der Emigranten-Boeren een traktaat is gesloten, bekend onder den naam van de Zandrivier Conventie."

(Hierna volg die Traktaat en die geskiedenis van die anneksasie. Dan gaan die Proklamasie voort als volg:)

,,Onuitsprekelik was de toorn van het Volk, toen het zag, dat voorbedachtelik en moedwillig door de Regering in Pretoria de waarheid werd verduisterd en dat de onwillige en afgeperste betaling der belasting als een wapen tegen het Volk werd gebruikt.

De onwil van het Volk in het betalen van belastingen leidde tot kleine botsingen. Nog werd alles door de leiders van het Volk gedaan om eene openbare vredebreuk te beletten. Met volkomen goedvinden van de Kolonialen Sekretaris en den heer Kruger werd besloten te beproeven of de Volksvergadering, die aanstaande was, de oplossing der moeilikheden nog niet langs vreedzamen weg zou kunnen bewerken.

Toen heeft het de Regering in Pretoria goed gedacht, in weerwil van die overeenkomst tussen den Kolonialen Sekretaris en den heer Kruger, en 2 dagen vóór den dag der samenkomst, ene proklamatie uit te vaardigen, die ons geen keus laat tussen deze twee: om, of als rebellen behandeld te worden, of onze eeuwige rechten als een Volk te handhaven.

Wij hebben beslist en het Volk heeft ons den weg aangewezen. Wij verklaren voor God, den kenner der harten, en voor de wereld: iedereen, die van ons als oproermakers spreekt, is een lasteraar! Het Volk der Z.A.R. is nooit onderdaan van H. M. geweest en wil het ook niet wezen.

**Wij keren dus terug tot het protest van de Regering** boven aangehaald, en verklaren, dat van onze zijde het laatste middel beproefd is om langs vreed-

zamen weg en vriendschappelike bemiddeling de rechten des Volks te verzekeren.

Wij geven dus aan iedereen te kennen, dat op den 13den Dec. 1880 de Regering is hersteld; dat de heer S. J. P. Kruger is opgetreden als Vice-President en met de heren M. W. Pretorius en P. J. Joubert het Driemanschap zal uitmaken, dat het Bestuur des Lands zal uitvoeren. De Volksraad heeft zijne zitting hervat.

Alle ingezetenen van het land, die zich rustig houden en gehoorzamen aan de wetten, zullen staan onder wet. . . . .

De Republiek is bereid, in overleg en in overeenstemming met de Koloniën en Staten van Zuid-Afrika op een Confederatie in te gaan. En eindelik publiceren wij aan allen en een ieder, dat van heden af het Land wordt verklaard te zijn in staat van beleg en onder de bepalingen van de oorlogswet."

S. J. P. Kruger, Vice-President; M. W. Pretorius, P. J. Joubert, Driemanschap.

Nadat alles gereël was is die Regering verplaas naar Heidelberg om 'n vaste punt in besit te hê. Daar is op Dingaansdag die Vierkleur gehijs en die Republiek afgekondig.

In beginsel was die Republiek dan eindelik weer herstel, maar die land moes nog gesuiwer word van die vijand en Engeland moes bewoge word om die onafhankelikheid van die Republiek te erken. Dit is gedaan in die korte oorlogsjaar 1880-81.

Die strijd het ontbrand in Potchefstroom, dan het die roemrijke slae van Bronkhorstspruit, Laings Nek en Ingogo gevolg, en eindelik het die onvergetelike 27ste Febr. 1881 aangebreek, die dag van die held-

haftige bestorming van Amajuba, wat 'n einde gemaak het aan die worstelstrijd van die Transvalers.

Die Boere het hulle baje menselik gedra in die oorlog. Die gevangene is met onderskeiding behandel, die gewondes is met liefde verpleeg, volgens die getuigenis van die Engelse self.

Die strijd is met eer gevoer deur die Boere; hij is met ere beëindig, en in 1881 is die vrede te Pretoria gesluit en in 1884 is die Konvensie van Londen onderteken, waarin die onafhankelikheid weer aan die Transvaal teruggegee is.

Transvaal is weer geheel vrij, die vijande is weggevlug. Die dierbare Vierkleur wapper weer vrolik in die heldere lug. Deur Gods hulp is die dapperheid en die volharding van die Boere met sukses bekroon. Als 'n sterke volk, deur bloed en lijde vas aan mekaar verbonde, het hulle uit die worsteling met die oormag van Albion te voorskijn gekom.

Als ons op die roemvolle tijd, die sware lijde, die herwonne vrijheid terugkijk dan skep ons weer moed vir die toekoms en dan juig onse harte saam met onse eg-afrikaanse digter Totius, waar hij aan die slot van „Die Besembos" sing:—

„Laat die mense, die diere, die droogte, die viere,
Met al wat hul kwaad het versin,
Maar skroeie, maar kappe, maar brande, maar trappe,
Ik leef en sal lewe: **mij doodkrij is min.**"